# Nkandla se sluier stywer getrek

## Verslag in 'geheime komitee' bespreek

Michelê O' Connor

Kaapstad. – Die speaker se besluit om die Nkandla-verslag in die geheim te laat bespreek, is 'n bewys van die "sekurokratisering" wat onder die leierskap van pres. Jacob Zuma aangaan.

So het prof. André Duvenhage, politieke ontleder aan die Noordwes-Universiteit, gesê.

Volgens hom is daar geen twyfel nie dat die Nkandla-saak baie sensitief is vir Zuma en sy regering. "Des te meer omdat die algemene verkiesing minder as 'n jaar weg is. Saam met die Gupta- en die Oilgate-skandaal is dit nie 'n mooi prentjie nie."

Die geheimhouding oor miljoene rande se verbeteringe aan Zuma se Nkandla-landgoed in die noorde van KwaZulu-Natal is gister nog digter getrek.

Dié verslag gaan binnekort in 'n "geheime komitee" bespreek word en die inhoud sal dus nie aan Jan en alleman bekend gemaak word nie.

Die verslag, wat deur 'n taakspan van die departement van openbare werke saamgestel is, sal na die parlement se gesamentlike staande komitee oor intelligensie verwys word.

Die regering is onder skoot oor R200 miljoen se verbeteringe aan Zuma se private woning.

Lindiwe Mazibuko, die DA se parlementêre leier, het gister gesê sy het 'n brief van Max Sisulu, speaker, ontvang waarin hy haar in kennis stel dat dié verslag in die intelligensiekomitee bespreek sal word.

"Sisulu het Thulas Nxesi, minister van openbare werke, reeds versoek om die verslag by die komitee in te dien. Dit beteken die verslag sal agter geslote deure voor die komitee dien."

> **"Die DA is hewig gekant teen dié besluit. Die inhoud van die verslag gaan net weer begrawe word.**

Volgens Mazibuko beteken dit die skuldiges sal nie vir hul oortredings verantwoordelik gehou word nie.

"Die DA is hewig gekant teen dié besluit. Die inhoud van die verslag gaan net weer begrawe word."

Volgens Sisulu ondersteun regskenners sy besluit om die verslag na die intelligensiekomitee te verwys. Slegs enkele dele van die verslag sal na die portefeuljekomitee oor openbare werke verwys word.

"Omdat Nkandla vroeër as 'n nasionale sleutelpunt verklaar is, sal Cecil Burgess, voorsitter van dié komitee, alles in sy vermoë doen om die inhoud geheim te hou," het Mazibuko gesê.

Die DA eis dat die betrokke komitees, openbare werke, polisie en verdediging die verslag in die openbaar bespreek.

Pieter Groenewald, VF+-LP, het bygevoeg belastingbetalers sal nou nooit weet wat in die verslag staan nie.

"Om nou te sê die verslag is wel na die parlement verwys, is 'n slinkse manier om te skuil agter 'n sogenaamde sleutelpunt en veiligheidsvereistes."